GETUIENISNUUS

NG MOEDERGEMEENTE MOSSELBAAI

GELOOF IN AKSIE November 2021

Ons geloofsoffers aan die werk…

Liewe gemeente…

Kobus Smit maak 'n klein venstertjie op God oop wanneer hy in Kerkbode (14 Mei) skryf:

"Dit is 'n pragtige oggend langs die meer van Galilea. Petrus en sy broer Andreas is besig om werpnette in die water te gooi. Jesus stap nader en nooi hulle:'Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak (Matt 4:19). Hulle het dadelik hulle werk gelos en Hom gevolg, want sy roeping en genade het hulle lewe totaal en al omgekeer na **diensknegte** van die Allerhoogste, **getuies, ambassadeurs, volgelinge, gehoorsame dissipels en leerlinge.** Hulle kon nie anders nie, want hulle wou nie anders nie.

Hulle was doodgewone mense sonder geleerdheid, invloed, rykdom of status. Tog het Jesus hulle gekies om sy boodskappers te wees. Wat hulle verkiesing nog meer onbegryplik maak, is die feit dat hulle hom in sy nood verloën, verraai en in die steek gelaat het. God slaan egter met krom stokke reguit houe! Daarom dat 'n begeesterde Petrus op Pinksterdag met groot vrymoedigheid preek en drieduisend mense tot bekering kom.

Die opgestane Christus se uitnodiging staan steeds: 'Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.'

"Die koninkryk van die hemele is soos 'n **treknet** wat in die see uitgewerp is en van elke soort vis gevang het… en die goeies is in houers bymekaar gemaak, maar die slegtes uitgegooi. **So sal dit wees by die voleindiging van die tyd…"** (Matt 13: 47—50)

Inhoud

∗"Liewe gemeente…"

∗Het jy geweet?

∗Nuus van ons sendelinge

∗Finansies

In hierdie uitgawe

Nuus uit Nepal en Panama 2

Nuus uit Madgaskar en Europa 3

Nuus uit Suid-Soedan 4

Finansies 4

The good news is only good news when it gets there in time…



Het jy geweet?

Daar is tans 6,825 onbereikte mensegroepe in die wêreld. In Afrika alleen is daar 988 mensegroepe wat nog nie die evangelie gehoor het nie.

Ons gemeente vat finansieel hande met **FEBA-radio** en **INcontext International** wat daagliks in veraf lande werk of sendelinge ondersteun: finansieel of persoonlik. Getuienisse van bekeerlinge wat Jesus leer ken, stroom in. Dissipelmakerbewegings kom tot stand in lande waar die evangelie nog nooit gehoor is nie. Prys die Here!

Ons sendelinge vertel… en vra vir voorbidding!

Paul, Toni Ferreira en kinders (NEPAL)

Na bykans 4 jaar in Surkhet (platteland van Wes-Nepal) is Paul-hul terug in Kathmandu. Baie maande se gebede het hierdie besluit voorafgegaan! Daar is verskeie redes waarom hul glo dis nou die seisoen waarin hul hul moet bevind. NB is om die kinders se belange op die hart te dra: hulle kan hier weer in Engels kerk bywoon - en verstaan! Daar is meer geleentheid om tussen maats te kan wees, en vir Toni om hulp te kry met tuisskool…deel te wees van 'n groep mammas wat mekaar help/ ondersteun in die proses; meer geleentheid om die taal aan te leer. Vir Paul bring die omgewing nuwe netwerk- en opleidingsgeleenthede, terwyl hy steeds voortgaan met die aanlynopleiding van pastors wat hy nou reeds bedien. **Bid asb. vir:**

***verlenging van sy besigheidsvisum (die koffieplantasies waarmee Arjun voortgaan) vir vlge 6 maande;**

***bekostigbare huisvesting;**

***nuwe netwerke binne die geloofsgemeenskappe, ook vir hul as gesin**

***duidelikheid vir Paul se visie om meer onder die Moslems te begin werk: hulle is dikwels onwelkom in die oorheersende Hindoe-gemeenskap. Uit 'n sekuriteitsoog-punt is dit ook minder gevaarlik om onder hulle te werk as onder die Hindoes (a.g.v. die wetgewing teen kerstening)**

***om ook in die inheemse kerk in Kathmandu, die pastore te begelei en te ondersteun; daar is tekens van baie pyn en probleme binne die kerk.**

"Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook."

Friendship bracelets wat Esté vir jongmeisies leer maak het.

Johan en Esté de Nysschen (PANAMA)

Dis aan die vooraand van November 2021. Waar het die jaar heen gevlieg? Met so baie dinge, so baie vreugdes, hartseer, en dinge wat net gebeur het!!! Maar, ook so baie genade. En intussen, sien ek hoe julle al krismiskoekies bak – blikke en blikke vol vir die kinders en kleinkinders wat gaan kom kuier... En my blikke is leeg vir nog 'n Kersfees. Al wat vol is, is ons harte – vol van verlange. Dis amper 4 jaar wat ons laas ons kinders en liefielyfies 'n drukkie kon gee…om 'n vuurtjie te kon sit en gesels, ons lewensdinge kon deel… Maar, Jesus troos ons. Ons voel sy arms om ons, en ons kan aangaan met hoop. Dit gaan goed met ons en ons is besig met ander belangrike werk. Johan bly besig voor die rekenaar met ander lande. Behalwe Panama , ook Honduras, Guatemala, El Salvador. Asook met finansiële opleiding vir 'n dame in El Salvador, so met zoom langs. Dan probeer ons ook met ons ander bediening in die Comarca ("Indian" tuisland) om kindertjies se ogies te laat blink en hulle magies vol te hou. Die vreugde daar maak ook ons harte elke keer bietjies-bietjies vol met dankbaarheid. Ons bly nederig met ons werk hier en die voorreg om hier te kan bedien. Asook met groot dankbaarheid teenoor elkeen vir gebede, elkeen wat finansieel bydra, vir elkeen se boodskappe en omgee. Ons dra julle in dankbaarheid op aan Vader God.

For You are my hiding place; You protect me from trouble.
You surround me with songs of victory,
The Lord says, " I will guide you along the best pathway for your life. I will advise you and watch over you." Psalm 32: 7-8

Nog sendelinge-nuus...

Nic en Tina Strydom (MADAGASKAR):

Nic en sy span was in Oktober vir bykans 2 weke op besoek aan sy medewerkers in die suide van Madagaskar. Hy kan so baie met ons deel… Hier is een van 'n paar onvergeetlike ervarings.

"Ons is reeds twee dae in Fort Dauphin-distrik. Het sover 5 nuwe kerke besoek. Ek voel so geseënd! Ek was vandag in 'n klein *village* 40km noordwes van Fort Dauphin waar een van ons sendelinge die begin van die jaar 'n nuwe kerk geplant het. Vandag was markdag en almal was in die mark om hul handelsware te verkoop of te verruil vir hulle daaglikse lewensbestaan. Wat 'n verrassing wag toe op my! Die kinders van die kinderklub verwelkom ons met aankoms! By die kerk wag 30 mense om ons te verwelkom. Wat 'n *commitment* - as jy die Here vertrou vir jou daaglikse "rys" en nie mark toe gaan om geld te maak nie, maar liewer kerk toe gaan om Hom te loof en saam met ander gelowiges te wees. Dank en loof Hom! Hy is getrou en vestig sy koninkryk tot aan die uithoeke van die aarde!! Dankie, Jesus!!!"
Nic vertel ook van die hartseer om in die droogtegeteisterde suide te ry en te sien hoe mense in die droë rivierbeddings grawe vir water om wasgoed te was! Dis so droog dat selfs die kaktusse doodgaan…

Maar waar die evangelie gedeel word, is daar LEWE!

Ons juig saam met Nic en sy span voorste-linie-sendelinge! Die koninkryk is besig om met rasse skrede in Madagaskar uit te brei: dis wat gebeur wanneer liefde vir Jesus oorloop uit dankbare en Geesvervulde harte. In Oktober alleen is die evangelie persoonlik met byna 28,000 mense gedeel van wie 17,000+ vir Jesus as Verlosser en persoonlike Saligmaker aangeneem het! Daar is nou 413 kerke gestig sedert die span begin werk het, met 477 studente wat tans pastorale opleiding ontvang.
1. Bid vir die nuwe bekeerlinge in Ihosy-distrik. Hierdie is die heimland van die Bara bevolkingsgroep wat een van die mees onbereikte groepe in Madagaskar is. Bid dat die Heilige Gees hulle sal bekragtig en lei. Bid ook vir past. Paul wat hulle gaan opvolg en dissipel.
2. Bid vir die nuutopgeleide kandidate.
3. Dit is bitter droog in die suide. Mens en dier sterf van honger en dors. Bid dat God uitkoms sal gee en dit sal laat reën oor daardie gebied.
4. Ons beplan tans om SA te besoek gedurende Desember. Bid saam met ons vir uitkoms en dat alles in plek sal val.
5. Dank Vader vir soveel seën wat ons daagliks ontvang en die voorreg om te kan getuig van soveel vrug op ons werk. Ons bring Hom die eer en loof Hom dat Hy ons waardig ag!!

Ina Steyn (WES-EUROPA):

Herfs is 'n nuwe jaar in Europa. Alles begin nuut. Die skooljaar is nuut. Studente gaan terug universiteit toe. En ek is weer op pad na studente wat hulle kursusse begin regoor Europa. Na amper 18 maande by die huis, voel ek effens verlore in die lughawens – asof ek nie weet hoe om te *board* nie. Die studente word altyd jonger (alias, ek word ouer en voel verder verwyderd van hulle lewens). Hulle is emosioneel, met baie sterk opinies. Maar hulle is lief vir Jesus, ek mag net nooit iets verkeerd sê of doen nie, want dan word ek "afgeskryf". Elke dag, elke lesing, elke persoon is 'n uitdaging van *walking on egg shells.* Maar ek gee nie maklik in vir *Political Correctness* nie – dit is 'n rou geveg vir elke siel, vir elke openbaring, vir elke waarheid wat in hulle harte geplant word. Bid asb. dat God deur sy Gees brûe sal bou tot diep in hulle (bang!) harte.

Ek begin ook weereens 'n nuwe *on-line Spiritual Formation*-groep. Ons loop saam deur die lewe van Jesus: sy Menswording, die kruisiging, opstanding, hemelvaart en pinkster – 8 volle maande waartydens ons elke week saam Zoom. Bykans 50 nuwe mense is aan boord, en ek besig met voorbereiding. **En gebed. Sonder gebed is daar geen vrug. Geen openbaring. Geen verwondering. Geen verandering.**

En dis amper winter. Die blare lê die wêreld vol, en oral blaas die *leave-blowers* soos raserige *hairdryers* – net groter. Maar as my wekker afgaan soggens, is dit nou donker. Ek moet die lig aansit om my Bybel te lees. Verby is die heerlike somermaande waar die son al teen 4:00 skyn!

Baie liefde. En baie dankie. Dit klink goedkoop en maklik, maar sonder julle, kan ek niks doen wat ek hier moet doen nie.

Kobus van Zyl (SUID-SOEDAN/Gebedsbediening):
Gebedstoerusting: weens die grendeltyd het ek vanjaar minder gemeentes besoek as in die verlede. In die begin van die jaar is in 4 gemeentes weke van gebed digitaal aangebied. Ek het die reeks ook aan baie individue in ons eie land gestuur, maar ook aan mense wat in die buiteland werk en daarvoor gevra het.
Verder het ek pinkster in Suider-Strand gemeente gehou en 'n getuienisnaweek in Lady Grey digby die Lesotho-grens aangebied.
Die Reformed Church of East Africa (RCEA) in Kenia waar ons gesin vir ses jaar gewerk het, het my voor die pandemie reeds gevra na die moontlikheid van 'n gebedskonferensie in Eldoret waar ons destyds gewoon het. Die gedagte is om dit volgende jaar te probeer inpas. My eerste boek oor gebed wat intussen in Engels vertaal is ("Prayer, a journey with God") handel baie oor Kenia en hoe ons gesin 'n roeping tot 'n gebedsbediening daar ontvang het. Dit behoort eersdaags gepubliseer te word en ek hoop om DV 'n hele aantal eksemplare saam te neem Kenia toe. Bid asb saam dat die konferensie sal realiseer te midde van pandemiestreke.

My gewone besoek aan Suid-Soedan jaarliks gedurende Maart het juis as gevolg van die pandemie nie plaasgevind nie en die plan was om dit te skuif na Oktober of November. Weens 'n onverwagte knievervanging kon dit nie realiseer nie. Die gevolg is dat ek vir die eerste keer in 20 jaar nie 'n jaarlikse besoek aan Suid-Soedan sal kan bring nie. Intussen het ek met die kerkleiers in Suid-Soedan gereël vir 'n besoek DV gedurende Febr/Mrt 2022. Die kerk daar het my verslag oor die toekoms van teologiese opleiding in die AIC hanteer en besluit om wel met opleiding by hul Bybelskool in Korabiat voort te gaan. Natuurlik is daar mos nou baie faktore wat die besoek daar weer in die wiele kan ry, maar bid asb saam dat die deure sal oop wees om dit moontlik te maak.

Lees Kobus van Zyl en die De Nysschens se volledige nuusbriewe op ons gemeente se webwerf.

ONS FINANSIES:

Ons begrote uitgawes beloop minstens **R50 000** per maand. Dit word as volg verdeel:

Ina Steyn R8910; Nic Strydom R9525; Johan en Esté R7940; Kobus van Zyl R6891; Paul Ferreira R3000. Pierrié Lamprecht R2790; Louisa en Griet Boshoff elk R1685; FEBA-radio R1500; INcontext R5000; Love Chinese R250; Moss-Liefde R300; Nagskuiling R3200; Makhathini-gemeente R500; ds. Israel Domingo R2500. Ons begroot ook vir die Taxi-bediening wat 2 keer per jaar uitreik R1800 en wanneer Biblia weer beman is, sal ons weer daarvoor begroot. 'n Sendelingondersteuningsfonds is geskep t.w.v. onvoorsiene omstandighede .

Ons **geloofsoffers: Augustus** R 4 363; **September** R 45 822; **Oktober** R 49 878

Ons **tekort** vir die jaar beloop tans R 19 672. Ons GO-banksaldo: R 44 297.

Baie, baie dankie vir elkeen wat dit vir ons moontlik maak om verantwoordelike rentmeesters te wees.

Bedieningslede:
Ds. Henri Meyer
Ena Loubser (voors.)
Hennie Lombard (o/voors)
Mareta Lombard
Monica van Niekerk
Erica van Jaarsveld
Eric Loubser
Helen Terblanche
Hannes Terblanche
Leana Barnard

Rekeningbesonderhede: GO NG Kerk Mosselbaai ABSA Spaar 9305467263